DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

23/2024

22 Augustus 2024

## LIEWE MENLO

Die televisiereeks, The A-team, het kykers gedurende die tagtigerjare wêreldwyd vermaak. Die reeks is geskoei op 'n groepie uiteenlopende en aweregse karakters wat, vreemd genoeg, sukses as 'n span behaal. Met onkonvensionele strategieë, 'n stewige sin vir humor en kostelike kwinkslae is opponente uitoorlê, terwyl Colonel John Hannibal Smith se woorde in kykers se ore weergalm: "I love it when a plan comes together."

Daar is allerlei raakpunte tussen daardie A-span en Menlo se A-span – 'n span wat uitdagings vir ontbyt eet en altyd bereid is om die ekstra myl te stap... Selfs tot in Cradock. Die Marilie Moolman-tennistrofee het die Parkies die afgelope jaar of twee ontwyk, maar die span wat vanjaar in Cradock aangekom het, was 'n span met 'n plan. Die oomblik toe die Parkies wen, was sonder twyfel so 'n "I love it when a plan comes together-oomblik" en die Insig berig graag dat die trofee tuis is waar dit hoort.

Die Insig het lankal sy bedenkinge oor die woord, landloop. Hoe kan 'n sport waar kronkelpaadjies teen 'n astronomiese spoed afgelê word dan land*loop* genoem word? Menlo se land*hardlopers* het die res van die provinsie se land*lopers* uitgestof en sal binnekort by die nasionale kampioenskap aantree.

Bruno Mars verklaar dat hy 'n granaat sal vang, maar op Menlo-bodem word die krieketspelers met blitsgranate bestook. Wat 'n prestasie om die blitsige aflewerings raak te sien én dit boonop met rente terug te stuur! Meneer Mars kan gerus 'n draai op een van ons krieketblaaie maak om te sien hoe dit gedoen word.

Menlo se A-span is van die eerste water. Dit is ook waarom die eerste water vandeesweek tydens 'n spesiale seremonie in die swembad getap is. Hier weet ons dat elke druppel in die emmer 'n verskil maak. Die swembad is amper halfvol en die Insig sien saam met die Parkies daarna uit om hierdie splinternuwe waters te toets.

Menlo se A-span is mense wat saam 'n pad stap en houe afweer, 'n groep met interessante karakters wat die spanbelewenis inkleur en jou aanmoedig om te presteer. Menlo se A-span huiwer nie om die ekstra myl te stap nie en sien geleenthede in elke uitdaging! Op Menlo-bodem hou die span aan totdat die plan uitwerk.

Excelsa Petamus!

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.

**Teks: Efesiërs 6:10**
"Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag."



# DAGBOEK

**23/8**
Tennis: Absolut Menlo-toernooi – 24/8
Revue: Kaleidoskoop (Finaal)
Drama: ATKV (Unisa Kleinteater) – 24/8

**24/8**
Menlobond: Reünie (Saal)

**28/8**
Leierskap: Junior opleiding (Ouditorium, 16:30 – 17:30)

**7/9**
**Menlofees**
Kaartjies beskikbaar by iTickets.




# MUSIEK

## Menlo-ensemble gee kleur aan karnaval

Renault en Kia Silver Lakes het verlede week 'n karnavaldag gehou en niemand anders nie as Menlo se ensemble genooi om glans aan die geleentheid te verleen. Baie dankie aan Imme Kromhout, Nikita van der Westhuizen en me. Coleen Maré wat as Menlo-musiekambassadeurs opgetree het.







# AKADEMIE

## Menlo verwelkom SuperSesse

Ons kan onsself beswaarlik 'n lewe sonder ligte (of kan ons?), motors, vliegtuie en medisyne voorstel. Was dit nie vir die Edisons, Newtons, Bells en Jenners van die verlede nie, sou die hedendaagse lewe waarskynlik heel anders lyk. Dankie tog dat tandartse hulle hamers vir verdowingsmedisyne verruil het en dat die aflewering van jou Takealot-pakkie nie van die posduif afhanklik is nie.

Die Hoërskool Menlopark was verlede week in die bevoorregte posisie om 192 van die omgewing se slimste graadsesse op Menlo-bodem te verwelkom. Die rede vir hierdie Super 6-byeenkoms was weliswaar nie 'n simposium oor kunsmatige intelligensie nie, maar 'n samekoms waar ware intelligensie, hope pret, spanwerk en allerlei interessante uitdagings gekombineer is om te bepaal wie vanjaar se Super 6-kroon sal dra. In die proses is die innoveerders van die toekoms 'n blaaskans van die boeke gegun en kon hulle hulle akademiese kennis op 'n genotvolle manier toepas.

Die dag het vir die meeste van die Super 6-sterre met 'n rit op Pretoria se Pers Bus afgeskop waarna daar vir die res van die dag gedissekteer, gekodeer, geantisipeer, gelag en selfs gesing is. Teen die einde van die dag is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- #myplekismenlo
- Die Parkieraad en nuutverkose Matriekraad het onomwonde bewys dat die Menlo-bodem die ideale teelaarde vir ywer, entoesiasme, groot gees en samewerking is.
- Die toekoms is veilig, want die SuperSesse is vir enige uitdaging gereed.

Die skool rig graag 'n woord van dank aan die personeel, en in die besonder aan me. Hannaliza Fechter vir 'n uitsonderlike funksie, die Parkieraad, Matriekraad en hulle voogde asook die laerskole se Super 6-organiseerders en die slimkoppe se ouers. Dit was 'n voorreg om hierdie besoekers in ons midde te verwelkom.

Uitslae

1 Laerskool Anton van Wouw (Blou)
2 Laerskool Tygerpoort (Blou)
3 Laerskool Die Poort

(32 spanne het aan die uitdaging deelgeneem en die res van die spanne was almal net-net vierde.)
















# TENNIS

## Menlo-tennis is Cradock-kampioene!

Die Australiese Ope vind in Melbourne plaas en die Franse Ope in Parys. As jy na die aksie op Wimbledon wil gaan kyk, moet jy jou kompas na Londen draai en die Amerikaanse Ope word in New York beslis.

Moenie dink dat 'n toernooi in Cradock minder talent lok as die toernooie in die tennishoofstede van die wêreld nie.

Cradock tree al vir bykans twee dekades as die gasheer van die Marilie Moolman Toernooi op en dit is ook hier, in die Oos-Kaap, waar die room van skoletennis in Suid-Afrika een keer per jaar bymekaarkom om sake op die baan uit te spook.

Die wennerstrofee het die Parkies die afgelope paar jaar ontwyk, maar die gety het vanjaar gedraai.

Baie geluk aan die spelers wat verlede week as Cradock Kampioene na Menlo-bodem teruggekeer het asook aan die organiseerder, me. Elné Coertzen, en afrigter, mnr. Hendrik Coertzen.

2024 se Cradock-dogterskampioene is Megan Fourie, Karina Pont, Simoné van Zyl, Carmen Nel, Melissa Meyer, Mika Keet en Celeste Klopper. Die seuns is Stefan J v Vuuren, Joshua Smit, Johan Bosch, Kelly Mostert, Christiaan de Bruine, Markus de Jager en Nicholas Pretorius.

Aan die plaaslike front het Joshua Smit, Kelly Mostert, Markus de Jager, Ruben Lourens, Victor Wentzel, Jacques de Jager en Alexander Crouse eweneens uitstekend gevaar.

Hulle het gesoute teenstanders op die neus laat kyk om sesde uit tien skole by Pretoria se o. 15-Toernooi te eindig.

Welgedaan, Menlo-tennis!





# LANDLOOP

## Landhardlopers skitter by AGN-kampioenskap

Die getal, sewentien, moenie op sy baadjie getakseer word nie. Daar skuil meer in die getal as bloot die ouderdom waarop 'n tiener vir 'n leerlinglisensie kan aansoek doen: Die som van die eerste vier priemgetalle is sewentien. In Italië is sewentien sinoniem met slegte geluk, maar Noorweërs glo dat dit juis die getal is wat vir jou geluk sal bring. In Japan is sewentien sinoniem met jeugdigheid en daar is sewentien spiere in die tong. Op Menlo-bodem is daar sewentien Menloparkers wat vir die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskap gekwalifiseer het om sewentien maal sewentien keer te bewys dat Menlo se landlopers sewentien keer fikser as hulle teenstanders is.

Baie geluk aan Menlo se supersewentiens wat verlede week by die AGN-landloopkampioenskap gekwalifiseer het om op 7 September vir die nasionale landloopkampioenskap aan te tree.

Zanta Lourens, Anneke Steynberg, Isabella van der Merwe, Bianca Stoltz, Liné de Villiers, Michaela Marx, Kaitlyn van Rooyen, Mart-Marie Jordaan, Jackie Coertze, Dylan Kraamwinkel, Llewellyn van Heerden, JM Maritz, Leon Stolz, Danté Raath, Ewan Louwrens, Dian Koen en Johann Roelofse.

Met die afhandeling van die AGN-kampioenskap staan die landloopseisoen nou einde se kant toe. Hartlik geluk aan die atlete wat met hulle vasberadenheid verseker het dat Menlo se naam boaan die landloopranglyste staan.






**Liga-uitslae: Spankompetisie**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Juniors | Dogters | 1. Menlo | 2. TuksSport | 3. Waterkloof | |
| | Seuns | 1. Zwartkop | 2. TuksSport | 3. Curro Hazeldean | 8. Menlo |
| Seniors | Dogters | 1. Curro Hazeldean | 2. Zwartkop | 3. AHMP | 5. Menlo |
| | Seuns | 1. Menlo | 2. Curro Hazeldean | 3. TuksSport | |
| Algeheel | Dogters | 1. Curro Hazeldean | 2. TuksSport | 3. Menlo | |
| | Seuns | 1. TuksSport | 2. Curro Hazeldean | 3. Zwartkop | 5. Menlo |

**Individuele prestasies: Menlo-atlete op top-10-skoleligaranglyste in Gauteng-Noord**

| | |
|---|---|
| O. 14 | Dylan Kraamwinkel (10), Zanta Lourens (1), Anneke Steynberg (2) en Isabella van der Merwe (6). |
| O. 15 | Liné de Villiers (2), Michaela Marx (4), Bianca Stoltz (7). |
| O. 16 | JM Maritz (1), Leon Stoltz (2) en Kaitlyn van Rooyen (4). |
| O. 17 | Danté Raath (7) en Ewan Lourens (8). |
| O. 19 | Johann Roelofse (3), Jackie Coertze (3) en Mart-Marie Jordaan (5). |

# KRIEKET

## Howzit! Menlo-krieket stonk opponente!

Dit wil voorkom asof Menlo se krieketspelers inspirasie uit die goeie vertoning geput het wat die nasionale span onlangs in Guyana teen die Wes-Indiese Eilande gelewer het. Welgedaan met goeie resultate! Loer gerus na die ekonomiese boulsyfers van Ben Schomper, Corrie Botha en Albert-Hugo Schreuder. Baie geluk aan Juan Lombaard, Jan-Willem Pienaar, Jacques de Villiers, Jean le Roux en Steve Stolk met indrukwekkende vyftigtalle.

**Menlopark o. 15 A teen Waterkloof 3de XI**

Waterkloof 163/7 (Ben Schomper 3/31)
Menlo 164/1 (Juan Lombaard 59*, Jan-Willem Pienaar 66*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

**Menlopark o. 14 B teen Affies o. 14 B**

Menlo 138/5
Affies 139/7
Affies wen met 3 paaltjies.

**Menlopark 3de XI teen Affies 3de XI**

Affies 116 almal uit (Corrie Botha 4/46, Ben Schomper 3/20)
Menlo 90 almal uit
Affies wen met 26 lopies.

**Menlopark 2de XI teen Affies 2de XI**

Menlo 266/9 (Jacques de Villiers 50, Jean le Roux 57*)
Affies 267/8 (Evert Greyling 2/27, Murray Hofmeyr 3/67)
Affies wen met 2 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen Waterkloof 1ste XI**

Menlo 251 almal uit (Matt vd Westhuizen, Steve Stolk 63)
Waterkloof 256/3
Waterkloof wen met 7 paaltjies.



**Menlopark o. 15 B teen Montana o. 15 B**

Montana 109 almal uit (Albert-Hugo Schreuder 3/15)
Menlo 111/8 (Thinus Smit 42)
Menlo wen met 2 paaltjies.

**Menlopark 5de XI teen Garsfontein 5de XI**

Garsfontein 151/3
Menlo 153/8 (Dylan Stumke 28, Regardt Pienaar 25)
Menlo wen met 2 paaltjies.

# GHOLF



### Menlo-gholfspelers in interprovinsiale spanne

Moenie die name van Heino Oellermann en Nicolas Hollander vergeet nie. Die twee talentvolle gholfspelers sal vir Gauteng-Noord se hoërskolespan diens doen wanneer die span in September aan die interprovinsiale toernooi by Mount Edgecombe deelneem. Hartlik geluk met hierdie puik prestasie. Die Insig sien daarna uit om vir Heino en Nicolas (reserwe) eendag op die PGA-Toer in aksie te sien.

Intussen is die liga steeds aan die gang. Hier volg die week se uitslae:

**B-liga**

Menlo 3 vs. Oos-Moot 1: 34 - 37
Menlo 4 vs. TuksSport 1: 36 - 34
Menlo 5 vs. Zwartkop 1: 48 - 45
Menlo 5 vs. Garsfontein: 48 - 41
Menlo 5 vs. Overkruin 1: 61 - 21
Menlo 6 vs. Garsfontein 4: 25 - 47
Menlo 6 vs. Garsfontein 5: 25 - 51

**C-liga**

Menlo 9 vs. Erasmus 1: 23 - 20

**D-liga**

Menlo 10 vs. Erasmus 2: 3 - 1
Menlo 12 vs. Centurion: 4 - 3

# MUURBAL



### Twee Menlo-muurbalspelers tel onder SA se top-5!

Demi Senekal en JD Smuts het hulle aanspraak op 'n plek in die 2028-Olimpiese span verstewig deur uitsonderlike prestasies by Growthpoint se junior nasionale muurbalkampioenskap te behaal. JD se harde werk is met 'n derde plek beloon, terwyl Demi se muurbalvaardighede 'n vierde plek aan haar besorg het. Welgedaan met hierdie puik prestasies!

Al wat nog tussen hierdie twee talentvolle spelers en 'n reis na Los Angeles staan, is dat die gewilde sport olimpiese erkenning moet kry. Welgedaan!

# SPOG



### Parkies op pad na Gimspele

Die vasberadenheid wat Stephen Nedoroscik, *The Pommel Horse Guy*, by die pas afgelope Olimpiese Spele getoon het, is nog vars in die geheue. Die sportster wat die wêreld se harte met sy Clark Kent-houding vermurwe het en wat die Rubik's Cube boonop in minder as tien sekondes kan oplos, het gewys waartoe 'n mens in staat is as jy gereeld hard werk – selfs al neem dit soms 'n rukkie voordat jy sukses behaal.

Menlo se gimnaste het by Stephen geleer en vir die SA Gym Games in Kaapstad gekwalifiseer. Hartlik geluk!

| | |
|---|---|
| Caitlin Read | Behaal die derde plek by die Gauteng-tuimelkampioenskap (Vlak 6; 16 jaar). |
| Yeléna Barnard | Behaal die volgende plekke: Toudans: 2de; Baldans: 3de; Ritmiese gimnastiek: 4de 9 (Vlak 8). |
| Nika Swart | Behaal die tweede plek by die Gauteng-tuimelkampioenskap. |

Hartlik geluk aan hierdie drie gimnaste. Die Insig wens vir hulle alles van die beste vir die Gym Games toe. Onthou om 'n Rubik's Cube as gelukbringer saam te neem!

### Daar is musiek oral om ons heen...



Baie geluk aan Michelle van Zyl en Nina du Plessis. Hierdie twee musikale Parkies het die beoordelaars by die Noorderkruin Kunstefees in die afdeling vir klassieke sang behoorlik laat regop sit. Hulle afrigter, me. Montaigne Campher, verdien 'n veer in die hoed vir haar aandeel aan die Parkies se sukses. Knap gedaan!

| | | | |
|---|---|---|---|
| Michelle v Zyl | Gr. 8 | Film/musical: A++ | Kunslied: A+ en medaljewenner |
| Nina du Plessis | Gr. 8 | Film/musical: A | Kunslied: B |

# ALGEMEEN

## Menlo-studiekursus vir sukses

Indien u kind se wintersportseisoen reeds ten einde geloop het en ouers na 'n oomblik van stilte by die huis smag, het mee. Estelle Velloen en Allison de Villiers net die regte raad. Stuur u kind gerus na die skool se studiekursus wat gratis deur mee. Velloen en De Villiers aangebied word. Die sessies sal vir leerders in ander grade opgeneem word – vind gerus meer by me. Velloen uit. Die besonderhede vir die studiekursus is soos volg:

| **Module** | **Datum** | |
|---|---|---|
| Module 1 en 2 | Graad 8- en 9-huiswerkperiodes | Effektiewe studie, tydsbestuur en beplanning. |
| Module 3 | Do., 5 September (14:15; F102) | Leerstrategieë en aantekeninge. |
| Module 4 | Do., 12 September (14:15; F102) | Konsentrasie en fokus. |
| Module 5 | Do., 3 Oktober (14:15; F102) | Geheueverbeteringstegnieke, leestegnieke en opsommings. |
| Module 6 | Do., 10 Oktober (14:15; F102) | Eksamenvoorbereiding en leesstrategieë. |
| Module 7 | Do., 17 Oktober (14:15; F102) | Leerstyle en studiemetodes. |
| Module 8 | Vroeg in 2025 | Hoe om 'n goeie taak te doen & verwysingsmetodes. |



# MENLOFEES

## 7 SEPTEMBER 2024

## Die ABC van die F-E-E-S!

### Menlofeeskaartjies

- Toegangsfooi: R200
- Kunstenaars: Almero, Rooksein, Zaan Sonnekus & Bok van Blerk
- Mandjiedans (ouers)
- Sokkie (leerders)
- Gr. 11-modeparade
- Rugby op die GROOTskerm: Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Ysskaatsbaan
- Stalletjies
- Gratis toegang vir kinders onder vyf jaar

### Boerpotkaartjies

- Boerpotkaartjies: R100
- Trekking: 7 September 2024 om 19:00 by die Menlofees.
- Boerpotkaartjies is onafhanklik van Menlofeeskaartjies – jy kan 'n boerpotkaartjie koop sonder om 'n Menlofeeskaartjie te koop!



### Rugby op die GROOTskerm

- Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Bring jou hele span en geniet die rugby in 'n feestelike atmosfeer.

### Mandjiedans

- Ouers, pak julle dansskoene, kampstoel en koelboks in en geniet 'n nuwerwetse mandjiedans op Menlo-bodem.
- Sondebelasting van R150 per koelboks word gehef.





### Program

| | |
|---|---|
| 14:00 – 15:00 | Battle of the bands |
| 15:00 – 17:00 | Modeparade |
| 17:00 – 19:00 | RUGBY: Springbokke vs. Nieu-Seeland |
| 19:00 | Almero |
| 20:00 | Rooksein |
| 21:00 | Zaan Sonnekus |
| 22:00 | Bok van Blerk |
| | Sokkie en Mandjiedans |



### Waar koop ek kaartjies?

- Kaartjies is by iTickets beskikbaar.
- Daar is drie verskillende kaartjies beskikbaar:
  - Menlofeeskaartjies: R200 p.p.
  - Boerpotkaartjies: R100 per lootjie.
  - Sondebelasting vir koelbokse: R150 per koelboks.

iTickets
EXPERIENCES START HERE

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# Menlovaria

**Sluitingsdatum vir inskrywings is 30 Augustus (behalwe Koeke, Harevleg en Potte).**
**R20 per inskrywing per persoon per aktiweit. Betaal by E103(me. Lubbe)6:45-7:00, pouse en na skool tot 15:00 (tot 6 September).**

| Aktiwiteit | Navrae | Belangrike Datums -deelname |
|---|---|---|
| **Dans** | *me. E Heyns (BT1)* | *Woensdag, 4 September, Saal, 15:00* |
| **Ligte musiek: vokaal en instrumentaal** | *me. J van Papendorp (Musieklokaal)* | *Maandag, 2 September, Ouditorium, 14:30 tot klaar* |
| **Klassieke musiek: sang en instrumentaal** | *me. C Maré (Musieklokaal/B102)* | *Donderdag, 5 September, Musieklokaal, 14:30* |
| **Bands** | *mnr. L de Jager (Musieksentrum)* | *Vrydag, 30 Augustus, Amfiteater, 14:00-15:30* |
| **Kunskaperjolle** | *me. I van Niekerk (F201)* | *Vrydag, 6 September, Matriekplein 13:30-17:00* |
| **Potte** | *Seniors: me. Kriek (I104)*<br>*Juniors: mnr. J van Helsdingen(E202)* | *Vrydag, 6 September, 14:00-17:00, Matriekplein en Menloplein* |
| **Koeke** | *me.Y Alkema (D102)* | *Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring koeke tussen 12:00 en 13:00* |
| **Foto's** | *me. M van de Merwe(A103)* | *Ingeedatum: Vrydag, 30 Augustus* |
| **Drama** | *me. R van Blerk ( BT1)* | *Woensdag en Donderdag, 4-5 September, Blou Teater, 14:30-16:00* |
| **Rokkies** | *me. Hefer (H11)* | *Vrydag 6 September*<br>*13:15-18:00, Musieksentrum*<br>*en 7 September, 15:00-17:00* |
| **Skryfkuns** | *me. M Nel , (A1)*<br>*3 September- Onbekende tema*<br>*2 September -Oop tema* | *Opstel/kortverhaal/gedigte-3 September 14:30-17:00, Kortverhale (Afr/Eng)en gedigte (Eng/Afr/Sotho/Frans/Duits) Ingeedatum 2 Sept, A1* |
| **Duitse Huisies** | *me. van der Westhuizen* | *Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring huisies tussen 12:00-12:45* |
| **Harevleg** | *me. H Smit(I2)* | *Inskrywings sluit Donderdag, 5 September Blou bankies tussen G- en I- blok, 6 September, 14:30* |
| **Sokkiejol** | *me. C Barnard( G102)* | *Saterdag, 7 September, Rugbyveld, voor die verhoog, 22:00* |

# MARKPLEIN




## Red Rose Cafe

*Home away from home*
*Cozy & Homely Astmosphere*

**Monday – Saturday 8h00 - 16h00**
**Sunday 8h00 - 14h00**

**Greenlyn Village, c/o Mackenzie & 13th Street, Menlopark**
**(Inside Stodels)**
**@ 064 917 9937 Fatima**

### DAILY LUNCH SPECIALS

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Monday** Pie, Gravy and Chips | R60.00 | **Tuesday** Quiche with Salad | R60.00 |
| **Wednesday** Mac and Cheese | R50.00 | **Thursday** Curry and Rice | R60.00 |
| **Friday** Chicken Prego Roll with Chips | R50,00 | **Saturday** Boerewors Roll with Chips | R50.00 |

**Sunday Lunch** BOOKINGS ESSENTIAL @ 064 917 9937 Fatima







